Donderdag 19 Oktober

**Skrifgedeelte: Jesaja 63:7-9; Matteus 5:13-16; 6:1-4; Heidelbergse Kategismus Sondag 24 v/a 62; Sondag 32 v/a 86; Sondag 33 v/a 91**

**Fokusgedeelte: Matteus 5:13-16 (AFR53/2020)**

**Geroep om sout en lig te wees in die werksplek**

Israel, met die wet van Moses in hulle hande, met die Engel van God se aangesig wat hulle verlos, en met die Heilige Gees in hulle midde, was veronderstel om met hulle “werke” ’n lig te wees in die wêreld wat die barmhartighede en goedertierenhede van die Vader uitstraal. Hulle moes die wysheid waarmee God sy heil na die mens toe bring, met smaakvolle werke aan die wêreld demonstreer – sout wees!

Israel het gefaal: hulle selfregverdiging deur hulle werke was soos sout wat smaakloos geword het, en die fokus op hulle eie liefdadigheid het die lig van God se barmhartigheid afgetrek. Israel het gefaal: Nou roep God sy Christene as sout en lig!

Vanuit ons reformatoriese geskiedenis het ons (tereg) ’n weersin in “goeie werke” (as deel van jou geregtigheid voor God). Goeie werke het nie plek in Deel 2 van die Kategismus nie.

Ongelukkig skrap ons dikwels in praktyk “goeie werke” ook uit Deel 3 van die Kategismus.

Die werke waarteen Jesus dit in Matteus 6 het, is werke wat tot ons eie eer gedoen word en dus nie voldoen aan ons definisie van “goeie werke” nie. Jesus beveel ons om goeie werke te doen! Werke wat mense sien! Maar wat die Vader se NAAM verheerlik! Let op dat hierdie goeie werke NIE uit myself kom nie, maar dat Christus, nádat Hy my geregverdig het, dié werke deur sy Heilige Gees (IN my) werk! Dít is wat dit beteken om sout en lig te wees! Dit is om “hemels” hier op aarde te lewe (Sondag 18) – ook in die werksplek. Waar ’n lus en liefde om te leef volgens die vierde gebod, vyfde gebod, agtste gebod ... ja, al die gebooie van God in my gewerk word!

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. SJMS Smit (Faan) (Heidelberg)*